# DIE CACHET-AANDEEL IN DIE VORMING VAN DIE AFRIKANERDOM

Tot hierdie onderwerp is ek in besonder aangetrek deurdat die Cachet-gees in ons kultuurvorming, veral in Calvinistiese Afrikaner-kringe, bygedra het veral tot verruiming en vernuwing, iets wat ons huidige Afrikanerisme en Dopperisme ongetwyfeld opnuut behoefte aan het.

Ons Afrikanerisme immers het teenswoordig duidelik 'n neiging tot kraalvorming, terwyl Afrika en die Weste roep om ons medewerking. En in ons Dopperisme is daar 'n verontrustende neiging om alle nuwighede te brandmerk as openbaringe van die Antichris, terwyl die positiewe element daarin misken word, nl. in sover daardeur die wêreld ook voorberei word vir die wederkoms van Christus Triumphator ná 'n duisend-jarige vrederyk, waarin ook die Antichris as „Übermensch" sy wondere sal verrig.

Onder sodanige wegbereidende nuwighede moet o.a. ook gereken word die evolusionisme, die Barthianisme en die Kommunisme; maar daaroor later miskien meer.

Voorlopig wil ek my by die Cachet-inwerking op ons besondere geestelike milieu beperk, en wys dan allereers daarop dat dit 'n opvallend sterk familie-verwantskap by alle onderlinge verskille vertoon.

Sulke familie-tradisies kry ons nogal dikwels in die optrede van belangrike historievormery, soos bv. by Abraham en Jakob in Israel, die Julii in die Romeinse Ryk, die Oranjes in Nederland, die Krugers, Pretoriusse en Du Toits vir die Afrikanerdom, en in besonder die Postmas en Van Rooys vir die Afrikaanse Dopperdom.

Inderdaad het hierdie etniese differensiëring in die Afrikanerdom self eintlik 'n verskeidenheid van nasionaliteite laat ontwikkel, wat daarom ook afsonderlike by hulle passende kerkformasies bewerkstellig het, waartussen eintlik 'n ekumeniese verband vereis is, eerder as tussen ons en die Bantoe bv.

Daar is bv. die Doppers met hulle Kruger- en Hantam-stempel, die Nederduitsers onder invloed van hulle Murrays, Jouberts en Schoemans, die Hervormdes met hul Neerlandistiese Van der Hoff-stempel, die sektariërs met hulle S. J. du Toit-Chiliasme en Amerikanisme, en die bloed-Sappe om Joubert, Botha en Smuts.

In hierdie verband is die eienaardige van die Cachet-invloed die veelsydige eie-soortigheid daarvan, waarop ons strakkies nader ingaan.

Maar die besef dat al hierdie en soortgelyke familiale, etniese en

as 't ware verbondmatige samehange in erflike faktore gegrond is, is onlangs by my besonder sterk verlewendig deur 'n boekie van J. W. Bruins: *Biologische Apartheid en Sociale Differentiatie*", Febr. 1961, wat o.a. die liberalistiese dogma vernietig dat rasverskille slegs „skin deep" sou wees.

By die Cachet-stempeling van die Afrikanerdom het ons te doen met drie sterk verskillende en tog duidelik samehangende broers Lion Cachet wat op wyd verskillende maniere 'n eie humaniteitsstempel op die Afrikanerdom afgedruk het. Hulle aangenome of opgelegde van Lion Cachet bevat trouens ook self die idee van stempeling.

Al drie was Nederlands-Joodse Christene uit Amsterdam en uit die piëtisties-Joodse geesteskring van die digter Isaac da Costa, van wie se gedigte ek wyle prof. Cachet self lang sitate uit die geheue met vuur hoor voordra het, aan tafel by ons aan huis in Reddersburg.

Oor hom, die bekende Jan Lion Cachet, en sy besondere betekenis vir die Afrikaner- en Dopperdom, hoef hier nie verder uitgewei te word nie. Laat dit genoeg wees om daarop te wys dat hy in die Dopperdom die afgeskeidenheid van vader Postma en die rigoreuse Kuyperianisme van Totius aanmerklik gehumaniseer het deur sy belangstelling in die mens as sodanig, sowel in die werklike lewe as in die fantasie van die romankuns.

Wat aangaan die tweede broer, Frans Lion Cachet, mag dit genoeg wees om te verwys na sy leidende aandeel by die herstigting van die Ned. Geref. Kerk in Oos-Transvaal en sy bekende geskiedenis van die eerste vryheidsoorlog in Transvaal: „De worstelstrijd der Transvalers".

Die derde broer Carel en meer bepaald sy gelyknamige seun verdien hier egter nader aandag, nie alleen omdat hy vroeg reeds deelgeneem het in die Suid-Afrikaanse joernalistiek vanuit Nederland nie maar ook omdat verskeie van sy kinders hulle in Suid-Afrika gevestig het en die bydrae van sy mees bekende seun Carel gewoonlik veronagsaam word, waarskynlik vanweë die feit dat hy hom nooit in Suid-Afrika gevestig het, en hoewel Calvinis, hom as kunstenaar, in die openbare lewe nie besonder laat geld het nie.

Oor laasgenoemde het daar 'n ryk geïllustreerde waardering verskyn van ds. A. van der Boom, *C. A. Lion Cachet, 1864—1945*, Bussum, 1952, wat egter nie vermeld dat verskeie van sy broers, susters en selfs 'n seun hulle in Suid-Afrika gevestig het nie.

Carel Cachet, seun van bogenoemde Carel, 'n wyd belese sterk Kuyperiaanse skoolhoof in Amsterdam, het as veelsydige ontwerpkunstenaar, hoewel in Nederland gevestig, tog ook wel persoonlik bygedra tot die verryking van ons Afrikaanse kultuur. Daaroor sê die genoemde boekie op bl. VIII o.a. die volgende:

„Het werk van Lion Cachet, voorzover dit thans nog is gespaard, is wijd verspreid. Men vindt het in scheeps-interieurs van de K.P.M. in Indonesië, van de China-lijn op de zeeën tussen China, Indonesië, Zuid-Afrika en Zuid-Amerika, aan de Universiteit te Stellenbosch, in de grafische afdeling van het Gemeentemuseum te Den Haag", ens.

Die bogenoemde woorde is in die Inleiding van die boekie geskryf deur 'n seun van Carel, dr. C. Lion Cachet, en hierdie seun is self van enige belang vir Suid-Afrika in sover hy 'n deskundige was op die naturelle-reg en -bestuur van Indonesië.

Verder het die familie deur hulle Ligthartkonneksie die opvoedkundige denke in Afrikanerkringe sterk beïnvloed. En meer regstreeks betrokke by Suid-Afrika is Carel se ingenieurseun, Dirk, nou gevestig in Henley-on-Klip op 'n landgoed genoem Vreeland na die naam van sy vader se woondorp in Nederland.

Hy is lid van die Geref. Kerk, maar tog ook politiek verbonde aan die Verenigde Party en 'n gesiene lid van die Engelsgeoriënteerde ingenieursvereniging Seifsa.

Tog is sy verstrengeling met die Afrikaanse Dopperdom veelsydig en intiem: hy het bv. sy loopbaan in S.A. begin as windpomphersteller vir die Van Rooy-familie van Steynsburg, wat self ook verskeie Cachet-verbintenisse het. Later het hy getroud geraak met sy kleinniggie Jeanne, 'n dogter van wyle die prokureur Petrus Cachet, 'n seun van Jan Lion Cachet, wat sy stempel sterk op Germiston afgedruk het, waar Dirk nou o.a. werksaam is as besturende direkteur van East Rand Engineering Co., Ltd. Hierdie Petrus se eie broer Calman het in die Tweede Vryheidsoorlog gesneuwel.

As persoon is hy gekenmerk deur die oorspronklikheid, kunssinnigheid en mensliewende gasvryheid van sy tak van die Cachetgeslag. Sy grootste bate is egter moontlik sy opgeruimde, vriendelike en aantreklike mede-Cachet-eggenote uit die ander tak van die familie aan vaderskant, met 'n Maré-nooi as moeder.

Sonder om nou verder op persoonlikhede in te gaan, moet tog ten slotte beklemtoon word dat dit vir die Dopperdom van groot betekenis was dat sy historiese stempeling nie slegs van die Fries Postma gekom het en van die Paarliet Du Toit nie, maar ook die invloed ondergaan het van die Amsterdamse gulheid van die Joods-Christelike Cachets, en veral ook van die skoolmeester, predikant-professor Jan Lion Cachet.

Van laasgenoemde ook het 'n sterk humaniserende invloed op die Dopperdom uitgegaan, direk en deur sy studente in Burgersdorp en Potchefstroom, by wie hy bekend was as ou-seur.

In my persoonlike herinnering word hy veral gekenmerk deur sy besonder groot hond Grotto, sy swart geborduurde studeerkamerkalotjie,

sy warme welsprekendheid as prediker, sy voorliefde vir romans, sy skuifelende gang en nie-al-te-netjiese kleredrag, sy afkeer van die „Encyclopaedie" van Kuyper, sy vriendelike verkeer met die sakemense van die dorp, sy bekommernis oor sy seun Fransie, sy vrees vir die dood en sy enorme begrafnis in 1912 te Potchefstroom, in die lang stoet waarvan ek self as student kon saamloop vanaf Cachetplein tot by die nuwe kerkhof, myle daarvandaan.

Dan bly my ook lewendig by die humaan-vriendelike en tog beginselvaste toon van twee van sy tiperende publikasies, afgesien van die alombekende „Die Sewe Duiwels" (van Philipstown), nl. „Niet om te twisten maar om des gewetenswil", oor die C.N.O., en „Wie veracht de dag der kleine dingen", oor die Teologiese Skool te Potchefstroom in sy begindae.

Potchefstroom. L. J. du Plessis.